

**18 Augustus**

**Romeine 5:1-11**

(Teks: 1 Konings 1:4)

***Hoe gebruik jy jou moeilikhede?***

Vir baie mense is dit 'n onnosele vraag. Jy moet nie moeilikhede gebruik nie, jy moet dit oorkom! Gister het ons gesien dat God moeilikhede gebruik om ons te troos. Daardeur leer ons God beter ken, en dit nie van hoorsê nie, maar uit eie ervaring.

God wil ons egter nie net bou deur moeilikhede nie; Hy wil ons ook daardeur gebruik in sy Koninkryk. Dit is wat Hy met Paulus gedoen het. Deurdat Paulus die troos van die Here ervaar het in sy swaarkry, kon hy ander troos in hulle swaarkry. Hy het hulle op God gewys wat die werklike troos gee.

God wil ons deur ons moeilikhede gebruik in sy Koninkryk. Swaarkry, as ons dit verkeerd gebruik, maak eensaam, selfs verbitterd. Maar swaarkry wat reg gebruik word, maak ons oë oop om God se plan met ons te sien, ander raak te sien in hulle swaarkry, en hulle te troos met dieselfde troos wat ons ontvang het.

Laat ek dit anders stel: Is jy diensbaar in God se Koninkryk? Nee? Miskien is die rede dat jy nie jou moeilikhede reg sien of ervaar nie en dat jy dit glad nie reg gebruik nie. Moenie op jou moeilikhede konsentreer nie, maar op God! En word diensbaar!

Sing Psalm 73:12

Ds. W.L. Kuperus (Emeritus)